Hasie Kwassie

GRAAD R & GRAAD RR

Kwetter Letter

NOMMER 31 VAN 2021 : 14/10/2021

= Lees asseblief alle inligting =

1. PERSONEEL BOODSKAP

**Baie welkom terug na ‘n kort,
maar welverdiende blaaskans!**

Ons sien uit na ‘n besige 4de kwartaal. Ons gaan baie hard werk om al ons Hasie Kwassie maats gereed te kry vir die volgende fase van hul opvoedkundige program… die “groot skool”.

2. Verjaarsdae

❖ Baie geluk aan ons maatjies wat in OKTOBER verjaar! Geniet ‘n dag propvol pret!

Juffrou Lynette	:	Juanné 12/10
Juffrou Cathy	:	Larisa 01/10 ; Leoné 02/10 ; Johané 04/10 ; Zaiden 12/10 ; Janke 16/10 ; Waldo 20/10 ; Ryan 27/10
Juffrou Sonja	:	Lethabo 01/10 ; Rele 19/10
Juffrou Anke	:	Cara 09/10

NB: Ons weet verjaardae is baie spesiaal, maar ons kan ongelukkig geen verjaardagpakkies, “cupcakes” of enige versnapperinge by die skool toelaat in die tydperk van Covid nie.

3. Buitemuurse aktiwiteite

Maandag	-	Playball ; Drama ; Ballet
Dinsdag	-	Gholf ; Swem
Woensdag	-	Netbal ; Rugby Akademie - (**Onthou tekkies**)
Donderdag	-	Swem ; Tennis - (**Onthou tekkies**)
Vrydag	-	Dance Mouse

Playball	Debbie 082 440 4708	Gholf	Jonathan 074 369 0253
Swem	Ellen 082 920 8747	Ballet	Karlien 083 297 5714
Netbal & Rugby Akademie	Venessa 083 660 4707 Dawid 081 575 2682	Tennis	Diaan 071 895 1619
Dance Mouse	Elden 078 998 3688	Drama	Lydia 073 829 0593

Onthou asseblief:

- **Alle buitemuurse aktiwiteite wat aangebied word, is onderhewig aan weerstoetstande.**
- **Indien dit reën, kan die aktiwiteit nie plaasvind nie.**
- **Kontak asseblief die betrokke afrigters direk indien u enige navrae het.**

4. Tema vir die week

18/10/2021 – 22/10/2021
VOËLS

5. Opvoedkundig

5.1 'N NUTTIGE BROKKIE KENNIS

(Graad R - leerders)

10-punt plan om te sien of 'n leerder sosiaal gereed is vir 'groot skool'

1. Die leerder is al lus om Graad 1 toe te gaan.
2. Die leerder kan in die groep aanpas en staan nie altyd eenkant nie.
3. Die leerder hou daarvan om met maatjies van sy/haar ouderdom, eerder as met jonger kinders te speel.
4. Aan die ander kant speel leerder wel vir rukke alleen en is nie net van maatjies afhanklik nie.
5. Die leerder praat met vrymoedigheid met ander volwassenes behalwe sy/haar ouers en onderwyser.
6. Die leerder is nie meer egosentries nie en is bereid om sy/haar speelgoed - potlode - boeke met ander te deel.
7. Die leerder is bereid om sy/haar beurt af te wag.
8. Die leerder kan by eenvoudige speletjie-reëls hou.
9. Die leerder speel nie meer net met konkrete apparaat nie, maar kan in fantasie-spel met die maatjies deel.
10. Die leerder toon 'n begrip van werkspoed.

5.2 ONS LEER LETTERS SKRYF

(Graad R - leerders)

- Die korrekte skryfwyse is uiters belangrik.
- Begin by die kolletjie, kyk na die pyltjie en volg die rigting van die pyltjie.
- *Sien harde kopie bylaag wat u kind saam met die nuusbrief ontvang - Letters "k", "l" , "m" & "n".*

5.3 SPRINGTOU SPRING

(Graad R - leerders)

- Leerders moet asseblief tuis oefen om springtou te spring.
- Doen dit stap-vir-stap.

5.4 OUER-ASSESSERING

- Ontvang vandag die 4de kwartaal se assessering.

5.5 VERSLAG EN VERSLAGKOEVERT

- **Stuur asseblief leerder se getekende verslag en koevert so spoedig moontlik terug skool toe**.

5.6 SKOOLTYE

MAANDAG TOT VRYDAG

- Leerder word in die klas ontvang : 06:45 – 07:15
- **Alle Gr RR en Gr R - leerders moet reeds om 07:15 in die klas wees.**
- Verdaag : 12:15 – 12:30
- Wagklas : 12:30 – 14:00

  Let wel: Wagklas is **SLEGS** vir leerders wat ouer boeties/sussies in Laerskool van Riebeeckpark het.
- **WEES ASSEBLIEF BETYDS, SOGGENS EN IN DIE MIDDAE.**

5.7 GRAAD RR – LEERDERS ELKE DAG BY DIE SKOOL

- Leerders moet asseblief elke dag skooltoe kom.
- Gee aandag aan vorm-herkenning: △ □ ○ ▭ ⬯
- Leer speel-speel van 1 tot 20.

6. Algemeen

6.1 BELANGRIKE DATUMS

Teken asseblief die volgende belangrike datums in u dagboek aan :

Donderdae	**Nuusboek**
Vrydae	**Nuusboek terug**
14 Oktober	Ouer-assesserings 4de Kwartaal
03 November	Ken-my-Juffrou – Graad RR & Graad R (2022)
18 November	Instappie
19 November	Klankedag (slegs vir leerders)
08 Desember	Gradeplegtigheid
15 Desember	Skool sluit

- *HOU ASSEBLIEF DIE KWETTER LETTER DOP VIR MEER INLIGTING RAKENDE DIE BOGENOEMDE.*

Hierdie program is onderhewig aan veranderings
Verwys ook na die Riebie-Klanke
Web & D6

6.2 KONTAK SKOOL

- Indien ‘n Hasie Kwassie personeellid gekontak moet word, skakel asseblief tussen **10:30 en 11:00** en vra om met u kind se Juffrou te praat.

6.3 HASIE KWASSIE ALGEMENE KLEREDRAG REËLS

- Lyk netjies in jou Hasie Kwassie hemp vir elke dag.
- Op Vrydae trek ons gemaklik maar steeds netjies aan.
- Seuns: Hare kort en netjies gekam.
- Dogters: Lang hare netjies vasgebind en hare uit die oë / Kort hare netjies gekam.
- Mooi knippies en strikkies in hare lyk pragtig.
- Geen juwele of naellak nie.
- Dra jou mooi Hasie Kwassie “Dry Mac”.
- Leerders mag kaalvoet skool toe kom, of sandale/plakkies dra. (Ons sal ouers vroegtydig in kennis stel wanneer leerders hul tekkies moet dra vir springtou spring).

6.4 GRAAD 1 - 2022

Graad 1 - 2022 aanlyn aansoeke het op Vrydag, 8 Oktober 2021, gesluit.

Sodra plasingslyste deur die Departement van Onderwys aan die skool beskikbaar gestel word, sal die skool eers kan voortgaan met die amptelike inskrywing.

Ons sal so gou moontlik met ouers kommunikeer en verdere inligting deel in die verband.

Inskrywings sal gedurende November afgehandel word en al die nodige inligting rakende die voltooiing van die onderrigooreenkoms, sowel as Graad 1 ouer-inligting, skryfbehoeftelyste, ensovoorts, sal gedurende die maand van November aan ouers gekommunikeer word.

Indien u onseker is of enige navrae het stuur asseblief ‘n e-pos na naomi@riebie.co.za

Hou ook die skool se nuusbriewe en d6 dop vir enige verdere inligting in die verband.

6.5 LAERSKOOL VAN RIEBEECKPARK JAARBLAD

Eerste in sy soort by Laerskool Van Riebeeckpark – '**n Jaarblad** !

Dankie aan al die ouers wat reeds belangstelling getoon het om die skool te ondersteun met die Jaarblad.

Indien u versoek het om 'n advertensie te plaas, neem asseblief kennis van die grootte van u advertensie. Hou in gedagte dat die Jaarblad "*landscape*" sal vertoon.

A4 Volblad = 297mm breed x 210mm hoog
en
A5 = 148mm breed x 210mm hoog

BESTEL EN BETAAL U JAARBLAD SOMMER NOU
TEEN SLEGS R250.00 PER JAARBLAD
Ons vra dat ouers ons asseblief sal ondersteun.

Bank	:	FNB
Takkode	:	205609
Rekeningnommer	:	6274 913 4243
Verwysingsnommer	:	9719 Jaarblad

Vir enige ander navrae, e-pos gerus vir Mev. J. Ruthven by: julie@riebie.co.za.

7. Finansies

SKOOLGELDE VIR HASIE KWASSIE BELOOP R1530-00 per maand,
VOORUITBETAALBAAR VIR 12 MAANDE.

BANKBESONDERHEDE

Naam	:	LAERSKOOL VAN RIEBEECKPARK
Bank	:	FNB (TJEK REKENING)
Takkode	:	205609
Reknommer	:	62749134243
Verwysing	:	Gr R + Kind se naam & van

- Kontak Me Liesl van Straaten in die finansiële kantoor vir enige navrae.

8. Wagklas

18 Oktober 2021 – 21 Oktober 2021

Lokaal: Juffrou Lynette

WAGKLAS 12:30 – 14:00

(Wagklas roteer van klas tot klas, op ‘n weeklikse basis. Wagklas is slegs vir leerders met ouer boeties en sussies in Laerskool van Riebeeckpark).

SNOEPIE : MÔRE, 15 OKTOBER 2021.

Onthou jou beursie om jou nek.



LYNETTE | SONJA | CATHY | ANKE | VERUSHKA